

## ST. CHARLES LWANGA EN DIE OEGANDESE MARTELARE

3 JUNIE

(sterf 1886)



Hulle bekleë 'n besondere plek in die geskiedenis van die Katolieke Kerk in Afrika. Die Kongregasie van die Missionarisse van Afrika het in 1879 die eerste sendingstasie in Sentraal-Afrika gestig. Daar was onmiddellik groot belangstelling in die Christelike geloof en talle mense het bekeer, maar toe 'n nuwe koning, Mwanga, die troon bestyg, verander die situasie. Omdat die Christene onder sy eie howelinge geweier het om deel te neem aan sy onsedelike praktyke het hy begin om die gelowiges regdeur sy koninkryk uit te wis. Charles Lwanga was die leier van 'n groepie Christen jongmanne in die koning se huishouding wat gevange geneem en gruwelik gefolter en toe doodgemaak is. Vandag is die basiliek by Namugongo waar hulle vermoor is een van die grootste pelgrimsoorde in Afrika.